



En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)  
 Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

## Parashah 9: Vayeshev ( וישב ) – En Hy Het Gewoon

*En Jakob het gewoon in die land van die vreemdelingskap van sy vader, in die land Kanaän.  
 Gen. 37:1*

**Torah :** Gen. 37:1 tot 40:23

**Haftorah:** Amos 2:6-3:8.

**Hernieuwe Verbond:** Hand. 7:9 tot 16; Matt. 22:37 tot 40; Joh. 13:34

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 9 wat afgelaai kan word by:  
[Parashah9Notas14](#) of deur dit aan te vra by [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

*Who is the rich person? He who is happy with his portion. If you focus on what you have,  
 you will be happy – Pirke Avos, Ethics of our Fathers 4:1*

### Midrash (Torah Bespreking)

Na twintig jaar het Jakob teruggekeer na Kanaän en hom en sy huishouding daar gevestig. Maar in die volgende veertien hoofstukke van Torah sal ons sien dat hierdie ook net tydelik van aard was, want die woorde van YHVH aan Abraham moes vervul word:

*יהוה sê vir Avram: “Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in 'n land wat nie aan hulle behoort nie. Hulle sal slawe wees en onderdruk word vir vier honderd jaar lank, maar Ek sal ook die nasie onder wie hulle slawe moet wees oordeel en daarna sal hulle uitgaan met baie besittings. Gen. 15:13 en 14 – PWL.*

Wat met Jakob se geliefde seun, Josef, gebeur het, is dit wat uiteindelik aanleiding gegee het dat Jakob en sy huishouding na Egipte gegaan het en sy nageslag daar vir 400 jaar gewoon het.

Hierdie week se Torahskriflesing is 'n belangrike oorgangstadium in die geskiedenis van YHVH se uitverkore volk. Tot hede het Torah hoofsaaklik gefokus op die individuele lewe van ons voorgeslagte, naamlik van Adam, Noag, Abraham, Isak en Jakob. Hierdie week is die begin van die fokus op die leiers van die twaalf stamme, die seuns van Jakob, en die begin van die volk Israel wat uiteindelik YHVH se koninklike priesterdom sal word!!

In die week se parashah is die fokus op Josef wie se lewe sodanig was dat selfs die ongelowiges, die wat YHVH nie geken het en geen verhouding met die Allerhoogste gehad

het nie, kon sien dat YHVH met Josef was. Selfs Potifar se huishouding was geseën terwille van Josef!

*Toe sy meester sien dat יהוה met hom was en dat יהוה alles wat hy doen, in sy hand voorspoedig maak, het Yosef guns in sy oë gevind en hom gedien. Hy het hom aangestel oor sy hele huis en alles wat in sy besit was, aan sy hand toevertrou. Dit het gebeur dat, vandat hy hom aangestel het oor sy huis en oor alles wat in sy besit was, יהוה die huis van die Egiptenaar geseën het ter wille van Yosef; die seën van יהוה was op alles wat syne was, in die huis en op die veld. Gen. 39:3 tot 5 – PWL.*

Josef is ons voorbeeld van 'n man wat nie net geglo het in YHVH nie, maar hy is ook ons voorbeeld om in alles aan YHVH gehoorsaam te wees. Hy was 'n man wat te alle tye, en te midde van alle omstandighede, altyd in afhanklike vertroue in sy Skepper-God gelewe het – 'n man van goeie werke en integriteit! Josef het geglo dat alles ten goede meewerk vir die wat YHVH liefhet (Rom. 8:28)!

Maar in hierdie week se parashah sien ons ook die begin van gebeure wat uiteindelik die verdeling van Israel in twee huise tot gevolg sal hê. Die nageslag van Josef en Juda sal uiteindelik hierdie twee huise vorm!

Wanneer ons Torah bestudeer besef ons ook dat die manne en vroue wat YHVH gekies het in Sy plan vir die vestiging van 'n uitverkore volk en koninklike priesterdom almal mense net soos ons is. In die Afgesonderde Skrifte word hierdie manne en vroue se swakhede en verkeerde keuses nie verbloem nie. Dikwels kan ons met sommige van hierdie swakhede en verkeerde keuses identifiseer, want ons ondervind dit in ons eie lewens. Maar ons leer ook dat ten spyte hiervan sal YHVH se volmaakte wil steeds geskied. Dit behoort vir ons elkeen as bemoediging te dien om te volhard in ons geestelike roeping.

Daarom skryf Paulus in sy brief aan die Korinthiërs dat alles wat met Israel van ouds gebeur het as herinnering dien sodat ons nie dieselfde foute moet begaan nie.

*Hierdie dinge is 'n voorbeeld vir ons dat ons nie begerig moet wees na boosheid soos hulle begeer het nie en ook nie dienaars van afgode moet wees soos sommige van hulle was nie; soos geskrywe is: “Die mense het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel.” Laat ons ook nie seksueel immoreel wees soos sommige van hulle seksueel immoreel was en daar op een dag drie en twintig duisend geval het nie. Laat ons nie ook Die Gesalfde Een toets soos sommige van hulle Hom getoets het en slange hulle vernietig het nie. Ons moet ook nie kla soos sommige van hulle gekla het en deur die vernietiger vernietig is nie. Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom. Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. Geen versoeking het na julle toe gekom behalwe van 'n mens nie, maar God is vertrouenswaardig, wat nie sal toelaat dat julle bo julle vermoë getoets word nie, maar Hy sal vir julle versoeking ook 'n uitkoms gee sodat julle dit sal kan verdra. 1 Kor. 10:6 tot 13 – PWL<sup>1</sup>.*

Ons moet ook altyd onthou dat Torah, en die Skrifte in geheel, 'n profetiese boodskap vir alle geslagte bevat – vir die geslagte van die verlede, die hede en die toekoms. Hierdie profetiese boodskap kan opgesom word in die woorde van die profeet Jesaja toe hy gesê het:

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch); of kontak vir Gerrie Coetzee by [padwlewe@yahoo.com](mailto:padwlewe@yahoo.com)

*Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen; wat 'n roofvoël roep uit die Ooste, die man van my raad uit 'n ver land; soos Ek dit gespreek het, sal Ek dit ook laat kom; Ek het dit voorberei, Ek sal dit ook doen.*

Jes. 46:9 tot 11.

Dit wat met ons voorouers gebeur het, is dikwels 'n sinnebeeld en heenwysing wat met die nageslagte ook sal gebeur. Torah dien as 'n bloudruk ('n templaar) van toekomstige dinge. Laat ons daarom uit die geskiedenis van Israel leer en mag die volgende woorde **NOOIT** in ons lewens waar wees **NIE**:

*Al wat ons uit die geskiedenis geleer het, is dat ons nie uit die geskiedenis geleer het nie!!*

Laat ons deurgaans 'n leersame gees openbaar – 'n gesindheid waar ons bereidwillig is om die nodige geloofsaanpassings te maak sonder om hardkoppig vas te hou aan die leerstellings van mense!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Die hoofrolspelers in YHVH se plan van herstel tot soos wat dit voor die sondeval was, is dikwels 'n sinnebeeld van Yeshua. Dit is veral wanneer ons hierdie week die geskiedenis van Josef begin bestudeer dat ons duidelik kan sien dat hy 'n heenwysing na Yeshua is. Daarom word Yeshua volgens Judaïsme ook *Messias ben Josef* genoem, naamlik Messias die seun van Josef – die dienende en lydende Messias. Maar Yeshua word ook genoem *Messias ben Dawid*, naamlik Messias die seun van Dawid – die een wat as koning sal heers. Kan jy die ooreenkomste tussen Josef en Yeshua sien? Die volgende skakel sal in die verband van hulp wees:  
[http://www.hebrew4christians.com/Articles/Mashiach\\_ben\\_Yosef/mashiach\\_ben\\_yosef.html](http://www.hebrew4christians.com/Articles/Mashiach_ben_Yosef/mashiach_ben_yosef.html)
2. Volgens die hedendaagse Christenleerstelling van voorspoed het Josef as jongman nie voorspoed geken nie, want hy is deur sy afgunstige broers aan Medianitiese handelaars verkoop en hy het in 'n vreemde land in die huis van Potifar beland. Op onregverdigde wyse is Josef deur Potifar se vrou valslik beskuldig dat hy teen haar sin met haar gemeenskap gehad het en het hy in die gevangenis beland. Ten spyte van Josef se voorbeeld van getrouheid en integriteit, asook sy goeie werke in die gevangenis, is hy deur die voorman van die skinkers vergeet, en dit nadat Josef hom gevra het om Farao te vertel van sy onskuld.
  - Hierdie deel van Josef se geskiedenis leer ons dus om te herbesin oor ons definisie van voorspoed, asook oor die hedendaagse leerstelling van geestelike oorlogvoering. Was dit wat met Josef gebeur het die werk van die bose of het YHVH dit so beskik om Josef voor te berei vir sy latere roeping? Ons lees nie dat Josef geestelike oorlogvoering gedoen het of Satan beskuldig het as die oorsaak van sy lot nie!
3. *Being defeated is often a temporary condition. Giving up is what makes it permanent* – M vos Savant. Geld dit nie ook vir ons geloofslewe nie? So was Josef se negatiewe ervarings as jongman ook net 'n tydelike toestand! Wat sou gebeur het as Josef moed opgegee het nadat hy deur sy broers verkoop was?

## BESOEKER EN VREEMDELING

Maar eers moet ons stilstaan by Gen. 37:1 wat in die Afrikaanse vertaling van 1953 soos volg lees: *En Jakob het gewoon in die land van die vreemdelingskap van sy vader, in die land Kanaän.* Die PWL vertaling lees: *Ya 'akov het gebly in die land waar sy vader 'n besoeker was, in die land Kena'an.* En in die King James vertaling lees hierdie teksvers soos volg: *And Jacob dwelt in the land wherein his father was a stranger, in the land of Canaan.* Jakob het dus gaan woon in die land Kanaän waar sy pa, Isak, 'n besoeker en vreemdeling was, en wat ook vertaal kan word as die land waar Isak 'n reisiger was!

En tog weet ons dat die Beloofde Land, die land Kanaän, deur YHVH aan Abraham en sy nageslag 'gegee' is (Gen. 15:18 tot 21). Hoekom is Abraham, Isak en Jakob dan besoekers, vreemdelinge en reisigers in die land wat deur die Almagtige aan hulle gegee was? Wat is die betekenis hiervan?

Dit dien as herinnering daaraan dat ons ook soos ons vaders Abraham, Isak en Jakob vreemdelinge (besoekers, reisigers en bywoners) op aarde is (Heb. 11:13). Ons voorvaders moes afgesonder (heilig) aan YHVH in Kanaän lewe. Hulle moes dus al die versoeking van daardie land weerstaan het deur getrou in hulle vertroue in, en in hulle gehoorsaamheid aan YHVH te bly. Daarom moet ons, soos ons voorvaders Abraham, Isak en Jakob, onself in die huidige wêreld weerhou van afgodery en vleeslike begeertes wat stryd voer teen die gees en die siel (1 Pet. 2:11). Ons weet dat die wet van die Gees van die Lewe in Messias Yeshua in 'n voortdurende stryd gewikkel is met die die wet van die sonde en die dood (Rom. 8:2). Soos Paulus kan ons ook sê:

*Ek vind dus 'n wet, wat met my gewete saamstem, wat kies om die goeie te doen omdat die bose naby my is, want ek verheug my in die wet van God vanuit die innerlike mens, maar ek sien 'n ander wet in my lede wat oorlog maak teen die wet van my gewete en my gevange hou aan die wet van die sonde wat in my lede is. Rom. 7:21 tot 23 – PWL.*

Paulus herinner ons egter daaraan dat ons onself moet beskou as dood vir die sonde en dat ons leef vir God in eenheid met ons Meester, Yeshua, die Gesalfde Een (Rom. 6:11 – PWL). Ons kan dus afgesonder (heilig en toegewy) aan YHVH in hierdie wêreld – die toekomstige Beloofde Land – lewe deur vertroue in Yeshua en gehoorsaamheid aan Torah!

Slegs met die wederkoms van Yeshua sal ons nie meer vreemdelinge en bywoners van hierdie aarde wees nie, want dan sal ons saam met Yeshua in YHVH se herstelde Koninkryk heers – nie as bywoners nie, maar as 'n koninklike priesterdom! Tot dan moet ons ook soos die Psalmdigter tot YHVH bid: *Ek is 'n vreemdeling op die aarde; verberg u gebooie nie vir my nie* (Ps. 119:19). Ons getuienis van Yeshua as Messias, en ons gehoorsaamheid aan YHVH se Torah, sal ons uiteindelik oorwinning wees!

*..... en hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die boodskap van Sy getuienis en hulle het hulle lewe, tot die dood toe, nie liefgehad nie.*

*Die draak was woedend vir die vrou en hy het gegaan om oorlog te voer teen haar en dié wat oorgebly het van haar Seun, dié wat die opdragte van God nakom en die getuienis van Yeshua vashou. Open. 12:11 en 17.*

Maar tot en met die wederkoms van Yeshua moet ons egter ook onthou dat ons deur vertroue in Yeshua, en deur gehoorsaamheid aan Torah, die nageslag van Abraham is, en daarom is

ons deel van Israel. As deel van Israel is ons nie meer vreemdelinge of bywoners nie, maar inwoners van die stad van die Afgesonderde Een en kinders van die familie van God!

*Julle is daarom nie meer vreemdelinge en besoekers nie, maar inwoners van die Stad van die Afgesonderde Een en kinders van die familie van God. Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, Die Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou. Ef. 2:19 tot 22 – PWL.*

Ons leef hier op aarde as burgers van die hemele van waar ons ook as Verlosser verwag ons Meester, Yeshua die Messias (Fil. 3:20).

Daarom: Tot en met die uitblaas van ons laaste asem of tot met die wederkoms van Yeshua moet ons voortbou op die fondament van ons geloof as kinders van God wat uiteindelik die Beloofde Land onder die heerskappy van Yeshua in besit sal neem as volwaardige burgers!

Soos die geloofsreuse van ouds het ons ook 'n verwagting en verlange dat YHVH se plan voltooi sal word, want ons weet elke woord van YHVH sal waar word!

## **DIE FONDAMENT VAN ONS GELOOF**

In 2 Tim. 2:15 skryf Paulus aan Timotheus die volgende:

*Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny.*

In die *Amplified Bible* lees hierdie teksvers soos volg:

*Study and be eager and do your utmost to present yourself to God approved (tested by trial), a workman who has no cause to be ashamed, correctly dividing – rightly handling and skilfully teaching – the Word of the Truth.*

Die vraag wat elkeen behoort te vra is die volgende: *Kan ek voor die Vader staan as iemand wat Sy woord van die waarheid reg sny (verstaan, toepas en ander leer)?* Kan jy Skriftuurlike bewys lewer van dit wat jy glo? Is dit wat jy glo kennis wat jy deur selfstudie van die Skrifte met die hulp van die Afgesonderde Gees bevestiging voor gekry het, of maak jy staat op die kennis van ander mense?

Die Skrifte (die Bybel) is die openbaring van die enigste en ware lewende God wat die Almagtige, Alwetende, Alwyse en Alomteenwoordige Skepper van hemel en die aarde is. Dit is die woorde van YHVH aan die mensdom. Hierdie woorde vorm die basis van die mens se verhouding met Sy Skepper *en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot tereg wysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus* (2 Tim. 2:16 en 17).

Toe Paulus hierdie woorde aan Timotheüs geskryf het, en ook gesê het dat die hele Skrif deur God ingegee is (2 Tim. 3:16), het hy na die Skrifte van die ou verbond verwys, want dit is al wat op daardie stadium beskikbaar was. Die Skrifte van die ou verbond (ou testament) is dus *nuttig tot lering, tot weerlegging, tot tereg wysing, tot onderwysing in die geregtigheid*, en dit is hierdie Skrifte wat van elkeen 'n volkome mens volgens YHVH se plan sal maak, terwyl dit ook elkeen volkome sal toerus vir elke goeie werk.

Die woorde wat Yeshua gespreek het is dieselfde woorde as wat YHVH *op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete* (Heb. 1:1). YHVH is gister en vandag dieselfde tot in ewigheid (Heb. 13:8). Dit is 'n lewende woord wat tot in ewigheid bly (1 Pet.

1:23 en 25) en by YHVH is daar geen verandering of skaduwee van omkering nie (Jak.1:17). Dit is alleenlik deur hierdie woorde wat die mens YHVH waarlik kan ken.

*En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die een, waaragtige Elohiem, en Yahshua die Messias wat U gestuur het. Joh. 17:3 (Woord en Getuienis)*

Die betekenis van die woord *ken* (Strong's G1097) is nie net om te weet van nie, maar om *te ken* op 'n baie persoonlike en intieme wyse. Om YHVH as Vader en Yeshua as Messias *te ken* is dus om die Vaderhart te verstaan. Om die Vaderhart egter waarlik te ken en te verstaan is alleenlik moontlik deur YHVH se Woorde, naamlik die Afgesonderde (Heilige) Skrifte, te bestudeer en dit deel van jou lewe te maak.

Hoe beter jy die geheimenisse van YHVH se woorde ken, verstaan en doen, hoe beter sal jou verhouding met die Vader wees en hoe groter (standvastiger) jou geloof (vertroue) in Hom en hoe meer oorvloedig sal jy geseën word.

Die standvastigheid en sukses van enige verhouding word bepaal deur hoe goed die twee partye in 'n verhouding mekaar ken. In dié verband moet ons onthou dat YHVH ons beter ken as wat ons onself ken, en derhalwe word die sukses van ons verhouding met ons Skepper bepaal deur hoe goed ons Hom ken!! Hoe goed jy YHVH jou God en Vader, asook Yeshua Messias, die vlees-geworde Woord van YHVH, gaan ken, word derhalwe deur jouself bepaal. Dit is in jou hande en jou besluit!! Vader YHVH sal die verhouding so ver neem as wat jy gewillig is om te gaan!

Wanneer ons 'n boek lees begin ons nie aan die einde van die boek lees nie, maar wel by die begin. Dit wat aan die begin, en in die daaropvolgende bladsye geskryf staan, sal sinvolle betekenis aan die einde van die boek gee. Dieselfde geld ten opsigte van YHVH se woord. Hoe beter ons die begin, naamlik die ou verbond, verstaan, hoe beter sal ons die einde, naamlik die nuwe (hernieuwe) verbond verstaan.

**Ons moet dus ook by die begin van YHVH se boek begin, want dit is die fondament van ons geloof.** Hierdie fondament is in die Skrifte van die ou verbond gegiet en bestaan uit die eerste vyf boeke van die ou verbond, naamlik die Torah (die wet). Torah is YHVH se onderrig en instruksies, maar leer ons ook aangaande die saligheid deur geloof in Yeshua (2 Tim. 3:14 en 15). Daarom het Yeshua ook gesê:

*Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. Joh. 5:46*

Paulus skryf dan ook in 1 Kor. 3:11 die volgende:

*Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Yeshua die Messias.*

Paulus stel dit dus duidelik dat Yeshua die fondament is waarop ons geloof gebou moet word, want Moses het in die wet van Hom geskrywe en die profete bevestig dit:

*Filippus het Natánael gekry en vir hom gesê: Ons het Hom gevind van wie **Moses in die wet en ook die profete geskrywe het: Yeshua, die seun van Josef van Násaret.** Joh. 1:46.*

Die apostels en die profete het op hierdie fondament gebou en so moet ons elkeen ook!

Die oorsprong van ons geloof in Yeshua is dus in die wet (die Torah) te vinde. Dit is die fondament waarop die profete en die apostels gebou het. Die gemeente van Handelingte is op hierdie fondament gebou en ons moet voortgaan met hierdie bouwerk. Ons kan nie 'n ander fondament lê as die een wat reeds gelê is nie. As ons nie op hierdie fondament bou nie, is dit


soos om 'n huis op sand te bou. Die woord van YHVH is die fondament en hierdie Woord is Yeshua Messias – die Lewende Woord – die Torah (onderrig en instruksies) van 'n liefdevolle Vader.

*En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het geval, en sy val was groot. Matt. 7:26 en 27*

Indien die Torah (die wet) as uitgedien beskou word, sal die ware Messias van die hernieude (nuwe) verbond nie herken word nie. Dan word YHVH volgens menslike geregtigheid gedien en nie volgens die geregtigheid van God nie (Rom. 10:2 en 3). Daarom moet elke gelowige in Yeshua terugkeer na die wortels (fondament) van hulle geloof. Begin by die begin van YHVH se woorde aan die mens. Hierdie begin is in Genesis 1:1!!! Wanneer ons die begin verstaan, sal die einde vir ons glashelder word.

*Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. Open. 22:14.*

## Bepeins of Bespreek



Soms is dit nodig dat ons met toegewyde ywer en moeite ons geestelike wortels moet laat groei tot by die lewende water van Yeshua waar ons met Torah gevoed kan word! Soos die boom in die foto moet ons nooit moet opgee nie, maar aanhou tot ons die ware voedingsbron bereik! Tye van beproewing, soos wat Josef ondervind het, is juis bedoel om ons 'wortels' in Torah-gehoorsaamheid stewig te vestig!

Ons moet egter ook versigtig wees dat ons 'water- en voedingsbron' nie besoedel is met afgodery en valse leerstellings nie!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Shabbat Shalom.

Johan

Epos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*